
Nie voor die tyd nie? -- Nee, niemand het my ooit genader nie. As ek iets nog by kan sê daar. -- Weens die tipe werk wat ek doen is ek meeste van die tyd weg. Byvoorbeeld ek het nou net Saterdag teruggekeer vanaf Durban en toe het

ek/...

ek ŉ boodskap gekry dat ek vandag hier moet wees. Nou ja, dit kan wees dat na aanleiding daarvan miskien nie my geheue verfris het dat ek ŉ fout kon maak nie, maar ek glo nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat hierdie vergadering van 8 Julie 1984 kon nie ŉ terugrapporteringsvergadering gewees het dat die huur verminder is nie? -- Ek sê dit was die vergadering gewees. Hoe ons gevorder het daar by die goewerment se verteenwoordiger en wat ons in geslaag het om te bereik.

In u getuienis-in-hoof het u gesê dat u het publieke vergaderings geroep?

MR YACOOB : He did not say that at all in his evidence, that he called public meetings. As I recall the evidence it was that they had intended to call a public meeting, but Councillor Sinaba beat them to it.

HOF : Dit is reg. Dit was Sinaba se vergadering wat hulle bygewoon het, nie hulle eie nie.

MNR. JACOBS : Ek het hierso, ek mag verkeerd wees, die oorkonde sal dit later wys "We called public meetings. We informed the public of the committee and purpose in the newspapers and made known to community about ... " (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, hulle het die komitee bekend gestel deur middel van die koerant. Hulle wou toe ŉ vergadering hou en toe was mnr. Sinaba ŉ bietjie vinniger. Dit is my herinnering. "Daveyton Action Committee did not call a public meeting. Before we called it, councillor Sinaba who was also against the increase called a meeting."

MNR. JACOBS : Behalwe dat u nou bewus geword het van ERAPO wat georganiseer het in Daveyton, het u bewus geword

van/...

van enige ander organisasies in Daveyton wat daar georganiseer het?

MR YACOOB : The witness had never said that he became aware that ERAPO organised in Daveyton. What he in fact said was that he became aware of ERAPO's presence in Daveyton.

MNR. JACOBS : Ek sal dit so aanvaar. Kan ek dit by jou duidelik kry, jy het bewus geword van ERAPO se teenwoordigheid in Daveyton? -- Ja, dit is waar ek sê elke spreker by hierdie vergadering het homself voorgestel byvoorbeeld as hy ŉ lid is van ŉ sekere liggaam, dan sê hy "Ek is so en so van daardie liggaam." Met die gevolg, na aanleiding daarvan het ek toe gehoor dat ERAPO in Daveyton was toe iemand homself voorgestel het dat hy ŉ lid is van ERAPO in Daveyton.

Het jy daar ook bewus geword dat daar ander sprekers was wat hulle voorgestel het as verteenwoordigers van organisasies? -- Daar was ander mense ook wat in uniforms gekleed was wat bekend staan as Zion uniforms. Dit is die kerkmense. Dan staan daardie persoon op met daardie uniform en sê "Ek is van so ŉ kerk, ŉ lid van daardie kerk."

Was dit daar bekend gemaak dat daar ook sprekers is van COSAS wat daar opgetree het? -- Nee, ek onthou nie.

Hoekom onthou jy nie? -- Dat ek sê ek onthou nie is omdat ek alreeds vir die hof gesê het ons het besluit dat ons mense, die afgevaardigdes sal kies tussen al die organisasies wat daar verteenwoordig was en omdat daar niemand genoem was van COSAS nie, beteken dit dus dat daar niemand was van COSAS wat homself voorgestel het as ŉ lid van COSAS nie. Dit is die afgevaardigdes wat die goewerment dan sou genader het.

Dit is wat ek wil weet. Hoekom het u nou besluit dat

ERAPO moet deel van die afvaardiging vorm?

HOF : Wel, hy het gesê al die persone wat gepraat het namens organisasies het besluit om dit deel van die afvaardiging te maak. Sodat al die organisasies deel van die afvaardiging is. Mense het gepraat namens ERAPO, gevolglik het hy hulle aangewys ook op die afvaardiging. Hulle het uiteindelik nie gegaan nie, maar dit is iets anders.

MNR. JACOBS : Die mense van die kerk wat in uniforms was, was hulle ook op hierdie afvaardiging gekies? -- Nee, daar was nie van hulle nie.

Hoekom nie? -- Die mense is gekleed in verskillende tipe uniforms en daar staan hulle as ʼn gemeenskap tussen die ander mense. Ons het hulle dus beskou as mense wat uitgekies sal word tussen die gemeenskap. Nie dat hulle daar gekies sal word as spesiale afgevaardigdes van die kerke nie.

HOF : Nee, maar ek begryp dit nou nie. Ek het die indruk gekry dat dit aan u en iemand anders oorgelaat was, mnr. Sinaba, om die afvaardiging saam te stel? -- Ja.

Dit is nie ʼn kwessie van dat die vergadering hulle sal kies nie, u sal hulle aanwys. Nou is die vraag waarom het u hulle nie aangewys nie, hierdie mense van Zion? -- Dit is wat ek sê. Daar was verskillende mense van verskillende kerke met verskillende uniforms. Ons kon dus nie ʼn spesifieke kerk gekies het en gesê het daardie mense van daardie kerk nie. Ons wou gehad het dat die ding deur mense verteenwoordig word van die algemene gemeenskap. Met die gevolg is dat ons al daardie mense van die kerke, dié wat gepraat het en dié wat ook nie gepraat het nie, bymekaar gebring as ʼn gemeenskap waartussen ons dan mense sou gekies het. Net ek en Sinaba

sou/...

sou dit gedoen het, nie die hele vergadering nie. As ek nog iets daar mag byvoeg. Nog 'n ding, ons kon nie sommer daar besluit het ons almal gaan vat nie. Ons moes gaan dink en dan 'n persoon kies met 'n kennis van 'n sekere aard, wie en watter soort persoon ons moes kies. Ons kon nie vir enige persoon gesê het ons kan daardie een vat nie.

MNR. JACOBS : Persone kies wat kennis gehad het van wat? -- Kennis in die sin, 'n persoon wat homself verstaan kan laat word in Engels, byvoorbeeld. Ons het nog nie besluit wie nie, maar dit was een van die dinge wat ek in gedagte gehad het, 'n persoon sal in staat moet wees om te kan volg wat gesê word in die amptelike taal en selfs iets kan oordra in die amptelike taal.

Op watter basis het u toe besluit op die mense van ERAPO wat u gaan vra om saam te gaan? -- Ons het nog nie besluit op die getal mense van die afgevaardigdes wat die verteenwoordiger moet gaan sien nie. Ons het net gesê dat ons twee lede gaan kry van ERAPO. Twee lede van Sinaba en twee lede van my komitee. Ons het nog nie eintlik finaal besluit wie almal en hoeveel in getal sal gaan as afgevaardigdes nie.

Het u uiteindelik duidelikheid daaroor gekry en besluit oor wie verteenwoordigers van ERAPO sou wees wat julle sou vra om saam te gaan nie? -- Nee. Ons sou daardie mense gevra het om vir ons twee persone te stuur wat dan saam met die afgevaardigdes sal gaan. Dieselfde geld vir Sinaba. Sinaba sou twee gekies het van sy mense. Ek sou ook twee van my komitee gekies het. Dit sou nie vir my gewees het om te kies by daardie mense van ERAPO of Sinaba en sê ek wil so en so en so hê nie.

Het/...

Het jy ooit vir ERAPO genader om dit met hulle te bespreek en te sê u wil twee verteenwoordigers van hulle hê? -- Ja, ek het.

Waar het u hulle gekry? Waar kry u toe die organisasie? -- Na die vergadering het ek en Sinaba toe die verskillende mense se adresse daar neergeskryf om mekaar te ken en te weet waar om mekaar te vind indien nodig.

Watter mense van ERAPO se name het jy neergeskryf? -- -- Persoon saam met wie ek daar in aanraking gekom het, is Lungile Sonti, want wat gesê was daar is dat hy òf die president was van ERAPO òf die voorsitter. Ek is nie meer seker nie.

Is dit al wat jy ontmoet het? -- Hy is die persoon wie se adres ek gehad het wat ek dan die Saterdag genader het.

So, u het hom nie daardie selfde dag genader nie? -- Behalwe dat ek hom genader het in die sin dat ek sy volle adres geneem het, het ek hom nie oor iets anders genader nie. Dit is net voor ons weg is dat ek dit gedoen het.

Jy het nie vir hom gesê dat jy wil hê dat ERAPO moet twee verteenwoordigers op hierdie komitee stuur nie? -- Nee, nog nie. Die rede is omdat ek nog nie met Sinaba alleen gepraat het dat ons op iets kan besluit die twee van ons nie.

En die Saterdag toe jy na hom toe gegaan het, het jy toe vir hom gevra om twee verteenwoordigers te gee? -- Ja, ek het dit aan hom gesê.

En wat was sy reaksie toe gewees? -- Wat gebeur het is die Vrydag het ons die boodskap gekry dat h datum gereël is om Maandag die verteenwoordiger van die goewerment te gaan sien. Die Saterdag het ek toe met die persoon in verbinding getree, dit is die ERAPO man en vir hom gesê "Kyk,

ek/...

ek wil hê julle moet vir my twee mense stuur by die afgevaardigdes, maar omdat ons nou Maandag daar moet wees, wil ek graag hê dat ek Sondag moet weet wat die posisie is. Dit is die Sondag voor die Maandag.

Het jy persoonlik na hom toe gegaan?-- Wie Sonti?

Die persoon van die raad is Sonti? -- Ja, ek het.

En weer die Sondag, het jy weer persoonlik soontoe gegaan? -- Ek kan nie meer so goed onthou wat die Sondag gebeur het nie, maar as ek reg onthou toe ek hulle nou weer gesien het was hulle twee persone. Wat ek nie kan onthou nie is of ek na hulle toe gegaan het en of hulle na my toe gekom het. Dit is al wat ek nie kan onthou nie.

Wat was die probleem? Hoekom kon hulle nie saam met julle gegaan het nie? -- Wat hulle aan my gesê het was omdat ek hulle ŉ kort kennisgewing gegee het, sal hulle dit nie kan maak nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan u onthou wie die ander persoon was?-- Die persoon wat saam met Sonti was?

Ja, die persoon wat saam met Sonti was? -- Solly Klaas.

MNR. JACOBS : Kan u net vir die hof sê, iets wat nou tot my aandag gebring is, het jy ŉ ope brief geskryf aan die burgemeester van Daveyton in die koerant, in die Sowetan? -- Dat ek die skrywer was van daardie brief?

Ja en ŉ uitdaging aan mnr. Boya gerig het? -- Wat ek van weet wat in ŉ koerantberig vervat was, was dat ek gesê het hoe sal dit wees, as ŉ voorstel natuurlik, dat hy ons bymekaar moet roep soos dit gewoonlik gebeur, die gemeenskap bymekaar roep en met ons daar kom praat soos hy dit al vantevore gedoen het,

Het jy die brief aan die koerant gestuur? -- As gevolg

van/...

van die feit dat ek met die koerantmense vantevore iets bespreek het oor hierdie aangeleentheid, het hulle my toe later gebel. Dit was tydens hierdie telefoniese gesprek waar hulle vir my gevra het hoe ver ons gevorder het met Boya aangaande die huurgeld, dat ek dit vir hulle oorgedra het wat tussen my en Boya gebeur het, nie dat ek ʼn brief aan hulle geskryf het nie.

Het u ʼn brief geskryf aan Mnr. Boya tot die effek? -- Nee, ek het nie ʼn brief aan hom geskryf nie.

Het jy die koerantberig gelees agterna? -- Daar is heelwat baie koerante wat daardie tipe berig bevat het oor wat gebeur het tussen die aksiekomitee en die raad en Boya. Nou ja, ek kan nie spesifiek sê watter een ek gelees het, watter een dit gesê het nie.

Ek vra spesifiek u oor die een waarin u aangehaal word en waarin u gesê het dat u mnr. Boya uitdaag?

HOF : Mnr. Jacobs, as u so ʼn koerant het, plaas dit voor die getuie, dan kan hy sê ja of nee, dan kan ons ʼn bietjie vinniger vorder.

MNR. JACOBS : Die berig daarso "Boya under fire." Dit is ʼn berig in die Sowetan van 11 Junie 1984. Het u dit vroeër gelees? -- Dit was bevat in verskillende koerante gewees. Ek sal nie sê dat ek dit spesifiek in hierdie koerant gelees het nie. Daar was in ander koerante ook dieselfde tipe berig gewees en die inhoud strook met dit wat ek van die ander koerante ook gelees het. Ek kan nie sê of dit hierdie spesifieke een was of by ʼn ander koerant nie.

So, met ander woorde, u het die ding in verskillende koerante gesien? -- Wat ek probeer sê is dat dit in die koerante was. Ek weet nie wat gebeur het nie. Ek vermoed

dat/...

dat as 'n mens met een verslaggewer gepraat het, dan het hulle dit onder mekaar bespreek. Ek kan nie sê nie, want ek het nie veel te doene gehad met koerante nie.

MR YACOOB : I just want to say that there is nothing on the copy which we have been given, so I am informed, which indicates that the article appeared on 11 June.

COURT : Yes, well, at the bottom it is said it is the Sowetan of 11 June 1984 and this is part of a photostat. So, we have right throughout this case had the problem that we have had copies of newspapers handed in with small notes as to what date it was. So, for the moment we work on 11 June 1984 and you can in the meantime check.

MR YACOOB : The only difficulty is that I did not want the witness to assume that it is correct that the article appeared on 11 June. I do not know that.

COURT : Do you want the witness to stand down for you to check it? We cannot do it that way.

MR YACOOB : No.

COURT : So, on the basis that it is 11 June we will allow the cross-examination. If the date is wrong, then that part of the cross-examination will fall away.

MR YACOOB : That is the only way to do it.

HOF : Wel, ek het nou die artikel gelees. Dit lyk vir my of die artikel sê daar in die middel dat daar 'n ope brief geskryf is aan mnr. Boya deur uself en die vraag is, was dit so of is die koerant verkeerd? -- Dit is nie korrek nie. Ek het geen ope brief geskryf nie. Die meeste van die goed wat hier vervat word, het ek mondeling met Boya bespreek.

Ja, maar nou, as hierdie datum reg is, is daar nog 'n eienaardige ding in hierdie berig. Onder aan staan "These

increases/...

increases are, however, not going to be introduced until their applications for endorsement by the minister of co-operation and development, Dr Piet Koornhof, is approved." Wat dit ook al mag beteken, lei ek daarvan af dat as die datum reg is op 11 Junie 1984 dit bekend was dat die huurverhoging nie deurgaan nie? -- Dit is hoekom ek sê, as dit te doene het dat die berig 11 Junie was, dan weet ek nie daarvan nie. Ek weet nie waarvandaan kom hulle met daardie ding daardie dag nie.

MNR. JACOBS : Sê u ook dat u het nooit vir Mnr. Boya in ʼn brief uitgedaag om op ʼn openbare vergadering verduidelikings te gee van wat die huurverhogings veroorsaak het nie? -- Nee, ek kan my nie voorstel dat ek ʼn brief geskryf het nie, behalwe dat ek persoonlik met hom gepraat het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan u onthou wat die vorm van die onderhoud met die koerantverslaggewer was, die telefoniese onderhoud? -- Die persoon het my telefonies geskakel by die werk. Ek ken die persone wat beriggewers was van die koerante, die Sowetan en daar was hulle ook wat ek geken het wat vir die ander koerante ook nuus gebring het. Byvoorbeeld as ʼn persoon iets geskryf het oor Daveyton, kyk ek altyd onder die artikel of bokant die artikel wat sê hulle wie die persoon is wat daardie inligting gebring het.

Kan u onthou wie dit was met wie u gepraat het of wat met u gepraat het? -- Hier word gesê dit is ʼn uittreksel uit die Sowetan. Wat ek van weet, ʼn persoon wat vir die Sowetan gewerk het wie my gebel het, was Mzikayise Edom. Nog ʼn ander een wat my gebel het van die Star koerant was Abel Mabelane of Mabeloane. Ek is nie seker nie.

Het die verslaggewer u uitgevra en het u vir hom vertel

wat/...

wat gebeur het of hoe het dit gewerk? -- Die persoon het my gebel en gevra wat ons alles alreeds gedoen het vandat hy van ons gehoor het, van ons bestaan as ŉ komitee, waarop ek toe vir hom begin vertel het dat ek met Boya in verbinding getree het en vir Boya gevra het om ŉ vergadering, ŉ openbare vergadering te roep.

Maar u het nie ŉ brief geskryf nie? -- Iets op skrif gestel?

Ja? -- Nee.

MNR. JACOBS : Het jy aan die verslaggewer gesê wat hy hier aanhaal "The Daveyton town council through its spokesman Mr Tom Boya is not also arrogant but insensitive to the feelings and suffering of the residents of Daveyton, the leader said." Het jy dit oorgedra aan die verslaggewer? -- Dit kan wees dat hy ŉ opsomming gemaak het van wat ek gesê het. Dit kan wees dat hy my gevra het van Boya se houding, daar toe ek met hom gepraat het en dit toe aan hom beskryf het. In die beskrywing van my het hy toe sy eie opsomming gemaak van hierdie berig.

Het jy in elk geval gesê dat hy is arrogant en insensitief? -- Wil u presies van my hoor of ek die woorde gebruik het soos hulle daar genoem word of dat ek iets tot daardie effek gesê het?

HOF : Dat u daardie woorde gebruik het? -- Nee, maar ons het Zoeloe met hom gepraat.

Het u die Zoeloe woord vir arrogant en ongevoelig gebruik? -- Ons het nie een woord wat daarvoor staan in Zoeloe nie. ŉ Mens kan dit beskrywe dat die persoon het nie gevoelens vir die ander mense nie. Iets van daardie aard. Dan sal ŉ persoon wat dit in Engels gebruik ŉ direkte

woord/...

woord gebruik daar voor wat hy voel is gepas.

Nee, maar kom ons hou nou op skerm. Laat ons net kyk waar ons uitkom. Hier is 'n aanhaling. Die tweede paragraaf van die beriç is 'n aanhaling in aanhalingstekens en dan aan die einde daarvan is "the leader" en "the leader" is u. Is wat daar staan wat u in Zoeloe aan die man gesê het? -- Ja, ek stem saam, daardie gedeelte is so.

MNR. JACOBS : Ek vra dat dit ingehandig word as BEWYSSTUK CA33.

HOF : Dit gaan in as CA33.

MNR. JACOBS : U het getuig dat u het 'n terugrapporteringsvergadering gereël op Sondag, 8 Julie 1984? -- Ja, dit is so.

Het u na hierdie vergadering die mense van ERAPO uitgenooi? -- Ja, hulle was genooi.

Spesifiek hulle uitgenooi? -- Daar was toe 'n luidspreker gebruik orals daar. Ek het persoonlik vir Lungile Sonti ook gaan sien en vir hom gaan sê dat ons nou terug is.

En wanneer het u hom gaan sien? -- Ek sal nie meer kan onthou wanneer dit was nie. Wat ek wel van weet is dat voor die vergadering van die 8ste was dit gewees.

Kort nadat u die samesprekings gevoer het met die outoriteite? -- Nee.

Hoekom het u nou spesifiek gegaan om na hom toe te gaan om te gaan rapporteer aan hom?

MR YACOOB : No, the witness did not say he went to him specifically to report to him. The witness has answered questions in the context that he invited him specifically to a meeting.

MNR. JACOBS : Ons kan dit net duidelik by hom kry. Het u gegaan om te rapporteer aan hom? -- Nee, ek het hom gaan

laat/...

laat weet van die vergadering wat ek gesê het sal gehou word op die 8ste.

En toe u met hom samesprekings voer het u vir hom gesê wat gebeur het met die samesprekings met die outoriteite? -- Nee, die komitee van die afgevaardigdes wat soontoe was het besluit dat ons vir niemand sê wat daar gebeur het nie tot by die vergadering waar ons die mense dan sal sê wat daar gesê was.

Het u kinders in die skool? -- Ja, ek het.

Watter standerd was hulle in 1984? -- Daar was een in St. 3 en een in St. 1.

Was hulle in dieselfde skool? -- Hulle was in dieselfde skool, ja.

So, hulle was nog in die primêre skool gewees, nè? -- Dit is die waarheid.

Is dit nie reg nie dat by die primêre skole by die naskole was daar geen moeilikhede eintlik nie? -- Nee, daar was probleme gewees daar.

Het die kinders ook skool geboikot? -- Ek sal nie kan sê of hulle die skole geboikot het nie, maar hulle het ook nie skool toe gegaan nie.

Of was hulle verhoed dat hulle skole kon aangaan deur ander skoliere van ander skole, groter skole? -- Ek het net verslae gekry oor die kinders. Partykeer het hulle skool toe gegaan en as ek in die aand terugkom by die huis dan vind ek dat hulle vroeg teruggekom het omdat daar nie skool was nie.

In u bewegings daar in die gemeenskap waar u organiseringswerk gedoen het in verband met onder andere onderrig, het u nie kontak gehad met die kinders van die verskillende

skole/...

skole nie en die organisasies verbonde aan die skole nie?

MR YACOOB : The witness did not ever say that he went up and down the community doing organising work in respect of education. What he said was - he did not say that at all.

MNR. JACOBS : Het u organisering gedoen volgens die organisasies wat u aan behoort het in die woongebied? -- Die vraag nie vir my duidelik nie. Kan u dit vir my duidelik stel?

Het u enige organiseringswerk gedoen daarso in verband met onderrig ten behoewe van hierdie organisasies waaraan u behoort het, soos wat u vir die hof vertel het? -- Ja, ek het.

En hierdie organisering wat u gedoen het, was dit in verband met een of ander onderrig? -- Ja.

Was dit in verband met onderrig van ook kinders? -- Nee.

Wat se onderrig was dit? -- NICRO, National Prevention of Crime and Rehabilitation - ons het mense besoek by die tronke, byvoorbeeld en samesprekings met daardie mense gevoer dat ons hulle moontlik kan regkry as hulle terugkom van die tronk af dat hulle in die samelewing met die ander mense kan aanpas.

Was daar enige klasse gehou in die sentrum waar u ook 'n aandeel gehad het en beheer gehad het? -- Ja, ek het onderrig gegee vir die kinders in 1980/81/82. Dit was in wiskunde en "chemistry", dat ek die kinders gehelp het daarmee.

Is dit in daardie sentrum waarna u verwys het waarvan u ook 'n lid van die trustee is? -- Nee, dit is in Daveyton by verskillende skole. Byvoorbeeld Mabuya.

Was u toe 'n onderwyser gewees? -- Nee, ek was nie 'n onderwyser gewees nie. Na skoolure het ek kinders gehelp

wat/...

wat meer wou geweet het in verband met daardie vakke. Selfs die ouerige mense, dit wil sê ouer as skoolkinders wat nog verder wou geleer het in daardie vakke het ek gehelp.

En in 1984, het u toe gehelp? -- Nee, ek het nie na die skole toe gegaan om te gaan help nie, behalwe diegene wat besluit het om my by die huis te kom sien. Ek was bereid om daardie een te help.

Dit is ʼn bekende feit, is dit nie so nie, dat COSAS het bestaan by hierdie skole in Daveyton? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Op die vergadering wat u gehou het wat u bygewoon het op uitnodiging van die twee persone, mnre. Nkomo en George Maroleng, het die persone wat daar opgestaan het ook gepraat soos in alle gevalle en hulle organisasie genoem waaraan hulle behoort? -- Nee, nie by daardie een nie.

Het die spreker van ERAPO wat op daardie vergadering gepraat het uiteindelik, het hy hom nie self voorgestel as ʼn spreker van ERAPO nie? -- Nee, ek onthou nie, behalwe dat ek hulle geken het omdat ek te doene gehad het met hierdie huurkwessie waar ek hulle leer ken het, maar andersins kan ek nie onthou dat hulle hulle self voorgestel het nie.

So, hulle het niks daar gesê of daar is niks om aan te dui vir die gehoor daar dat hulle mense van ERAPO is nie? -- Laat ek dit so verduidelik. By hierdie vergadering in Januarie was daar nege gewees met T-hemde aan waarop ERAPO geskryf was. Daar was wel ander kinders ook met COSAS se T-hemde waarop COSAS geskryf gestaan het, maar ek kan nie sê omdat daardie mense daardie tipe T-hemde aangehad het dat hulle lede was van heirdie organisasies nie.

Op hierdie eerste vergadering was die mense wat daar

namens/...

namens die leerlinge gepraat het geklee in COSAS T-hemde?

HOF : Kom ons noem nou die eerste vergadering. Dit is nou watter vergadering? Die getuie het moeite gedoen om vir u h datum te gee en h plek ensovoorts. Gee vir ons dan die datum, dan kan ons almal later as ons die rekord lees weet watter vergadering ons van praat?

MNR. JACOBS : Ek dink dit is einde Oktober, vroeg in November.

HOF : Nou goed, dan sê u die Oktober/November vergadering. -- Dit is nou die eerste vergadering wat ek bygewoon het?

MNR. JACOBS : Ja. -- Daar was baie mense daar gewees, maar ek kan nie onthou dat ek mense gesien het met T-hemde aan of hemde wat h mens kon identifiseer het spesifiek nie.

Is dit korrek dat daar in Daveyton verskillende skole is vanaf hoërskole en hoër primêre skole?

HOF : Daar is gewoonlik vier soorte skole. Watter wil u van weet? Daar is h laer primêre skool, hoër primêre, senior sekondêre skool en h hoërskool.

MNR. JACOBS : Ek wil die heel senior skool hê.

HOF : Die heel senior skool is die hoërskool, "high school." Net daar onder is die senior sekondêre soos hulle dit noem. Wat wil u van weet?

MNR. JACOBS : Is daar heelwat van hulle?

HOF : Hoeveel hoërskole is daar in Daveyton en hoeveel senior sekondêre skole is daar in Daveyton wil die advokaat graag weet? -- Holoazi hoërskool, Mabuya hoërskool, Davey is h "senior secondary", Nyathi. Dit is die skole wat daar bestaan het in daardie tyd as hoërskole, maar daar is nou nuwe skole wat nuut gebou is. Ek weet nie wat die naam van daardie skole is nie.

MNR. JACOBS : Hierdie drie sprekers namens die leerlinge

het/...

het hulle gepraat namens die leerings van al hierdie skole hoërskole en senior skole? -- Ek kan so sê, ja, want wat gesê was is die volgende. Dat die skoolkinders nou verduidelik wat die probleme is. Hierdie drie kinders het toe begin praat. Ek sal nou nie kan sê of hulle van die hoërskool was of van die senior sekondêre skool was nie, maar hulle is die drie wat gepraat het.

Is dit reg dat ŉ verdere klagte wat hulle gehad het wat u nie genoem het nie is dat hulle eis ŉ einde aan die ondemokratiese onderwyssisteem in Suid-Afrika? -- Sal u dit vir my beter kan verduidelik wat u daarby bedoel? Hoe word dit gesê?

HOF : ŉ Einde aan die "undemocratic education system in South Africa." Hulle sê dit gewoonlik nog in Engels? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

MNR. JACOBS : Het u kennis gedra dat op daardie stadium was daar kinders in aanhouding as gevolg van die onluste? -- Nee.

HOF : Sê u daar was nie of dat u nie geweet het nie? -- Dat daar kinders was wat in hegtenis geneem was, dit het ek nie geweet nie.

MNR. JACOBS : Was dit nie daar op daardie vergadering ook ŉ eis van die kinders gewees dat al die aangehoudenes, leerlinge wat aangehou was gedurende die onluste wat daar was moet vrygelaat word nie? -- By die eerste vergadering weet ek nie daarvan nie. Dit was nie gesê nie.

U edele, ons het in die tussentyd by die staatsbiblioteek die bladsy van daardie betrokke - die hele bladsy ŉ fotokopie laat maak en dit is uitgereik op 11 Junie 1984. Dit is getoon aan my geleerde vriend.

MR YACOOB : I have indicated to my learned friend that I

cannot/...

cannot at this stage decide whether to agree or not, in view of my particular problem. If he wants us to decide now whether we admit the document or not, then I would be able to do it if there is a quick one or two minute adjournment.

COURT : There is no hurry. You can sort this out amongst yourselves. In the meantime I work on 11 June 1984.

MNR. JACOBS : Was daar aan die komitee wat aangestel is spesifieke opdragte gegee van wat hulle moet gaan doen deur die gehoor? -- Ja, dit was so.

Wat was die spesifieke opdrag, wat moet die komitee gaan doen? -- Wat gesê was daar was dat die komitee sal moet kommunikeer met die kinders wat gekies is en dan verder die ding uitvoer om hierdie probleme te beëindig. Indien nodig, sal hulle die verteenwoordigers van die goewerment by die onderwysopleiding sien.

Was daar aan hulle uitgespel wat moet hulle gaan doen by die departement van onderwys? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Uself het ook op daardie vergadering gepraat. Kan u ook nie onthou wat u gesê het nie? -- Dit is lank terug. Ek kan nie meer onthou of ek gepraat het en indien wel wat ek gesê het nie.

So, u kan selfs ook nie eers onthou of u gepraat het nie? -- Nee, ek kan regtig nie meer onthou nie. Al wat ek kan sê is, ek het tussen die gehoor daar gesit.

Kan u vir die hof enige rede aanvoer hoekom dit 'n ouer en kinder komitee wees wat gekies moes word? Hoekom is die kinders nie gekies op daardie komitee op daardie vergadering nie? -- Dit sou baie ongemaklik gewees het vir ons as ouers wat werk om weer bymekaar te kom. Om daardie rede na die

besluit/...

besluit was dit daar besluit dat van die mense wat daar was dat daar verkiesings gehou word en mense gekies word wat op die komitee gaan dien. Wat die kinders betref was dit nog makliker vir hulle om nog verder op ʼn ander datum bymekaar te kom en mekaar te kies want hulle ken mekaar.

Maar dit was seker nou belangrik om die kinders daar wat op die komitee moet dien op die vergadering te kies? Daar was mos baie kinders ook en grootmense?

HOF : Dit mag so wees en dit mag nie so wees nie. Watter argument is dit nou? Die getuie het vir u gesê en ʼn vorige getuie het presies dieselfde gesê dat hulle nie die kinders daar gekies het nie. Die antwoord wat die getuie vir u gee is baie logies, want die kinders is nie almal daar bymekaar nie en hulle kan liewer onder mekaar die ding uitsorteer en verteenwoordigers aanwys. Waar lei die kruisverhoor na toe?

MNR. JACOBS : Dit gaan om die toetsing, om te hoor wat kan ek kry uit die getuie uit op hierdie aspekte, ook in verhouding met die ander getuies se getuienis.

HOF : ʼn Mens kan melk en melk en melk, maar ʼn koei het maar vier spene. My geduld is nou op.

MNR. JACOBS : Die tweede vergadering van Januarie, sal u saamstem dat dit kon gehou gewees het op 6 Januarie 1985? -- Ek kan dit nie betwis nie, want ek kan dit nie meer onthou nie. Al wat ek weet is dat dit is voor die heropening van die skole dat daar ʼn vergadering gehou was.

Kan jy die hof help en sê wanneer het die skole heropen in 1985? -- Ek sal nie kan sê nie. Al wat ek sê is dat dit nie lank was voor die datum van die heropening van die skole nie. Dit kon miskien ʼn week of twee gewees het voor die

heropening/...

heropening, dat hierdie vergadering gehou was.

Wat was die doel van daardie vergadering? -- Volgens my waarneming het dit vir my gelyk asof ŉ vergadering was wat gehou word om ŉ verslag te doen aan ons deur die komitee. Hoe ver hulle gevorder het, want ekself was nie ŉ lid van daardie komitee nie. So, hulle wou ons net ingelig het van wat hulle alreeds gedoen het.

Op daardie vergadering het ŉ persoon met die naam van Aubrey Nxumalo as ŉ vise-voorsitter van COSAS gepraat? -- Nee, ek ken hom nie.

Kan u onthou dat daar gesê was deur ŉ verteenwoordiger van die skole dat die skoleboikot nie ten einde geloop het nie, maar net voorlopig of tydelik opgeskort is? -- Ek onthou dit nie. Sover ek kan onthou het die lede van die komitee daar toesprake gemaak en toe gesê wat hulle voorstel. Ek kan nie onthou dat daar skoolkinders gepraat het nie.

Weet u iets daarvan dat daar op daardie vergadering gesê word dat as die kinders se eise nie aan voldoen word nie, sal hulle weer voortgaan met die boikotaksie? -- Ek onthou nie dat ek dit gehoor het nie.

Kan u onthou of daar enige sprake daarvan was dat ouers sou moes voortgaan met sekere van hulle klagtes waaraan nie met bevrediging voldoen is nie, maar dat hulle tog sal skool toe gaan in die tussentyd? -- Dit is die waarheid.

So, hulle sou net tydelik teruggaan skool toe, maar as daar nie aan hulle eise voldoen is nie, dan gaan die boikot weer aan? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Was dit daar op daardie vergadering bespreek dat daar wel tot ŉ sekere mate aan hulle eise voldoen was? -- Op daardie tydstip wat ek sommer daar tussen die mense in

die/...

die gemeenskap gehoor het, was dat die goewerment gesê het dat dit nou nie meer gedoen sal word dat die kinders lyfstraf moet kry nie en tweedens, die goewerment gaan nou goedkeuring gee vir die stigting van die SRC's. Dit is wat ek tussen die mense sommer daar in die gebied gehoor het.

Is dit nie van die verhoog af vir die mense vertel nie? -- Dit sal ek nie betwis nie, maar ek onthou dit nie. Waarvan ek wel weet is dat daar by die kinders gepleit is om skool toe te gaan. Wat uitstaande is sal die ouers regsien.

Hierdie persoon wat ek netnou vir u genoem het Aubrey het ook nog verder daar gesê daar is 'n eis, 'n verdere eis dat hulle wil geen ongekwalifiseerde onderwysers by die skole hê of toelaat nie. Onthou jy dit? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek ken nie eers daardie Aubrey nie.

Dit is daar ook gesê aan die gehoor daarso die kinders eis ook dat die polisie moet onttrek en nie naby 'n skool moet wees nie. -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek onthou nie dat ek dit gehoor het nie.

Kan jy onthou dat daar afgekondig is dat die verskillende kinders sal ook nie skoolgelde wil betaal nie? -- Nee, ek onthou nie. Soos ek sê by hierdie tweede vergadering was die meeste mense wat daar gepraat het die ouers.

Kan u onthou dat daar op daardie vergadering was daar uiteengesit hoe dat die studenterade sou werk? -- Nee, ek onthou dit nie.

So, eintlik is dit so, dan kan u nie onthou wat het op daardie vergadering gebeur nie? -- Al wat ek hier onthou is dat die meeste van die mense wat daar gepraat het was die ouers wat almal saamgestem het dat die kinders moet teruggaan skool toe. Wat uitstaande is by die eise van die kinders

sal/...

sal dan verder deur die kinders uitgevoer word. Ek kan nie van iets anders onthou wat teenstrydig met dit was wat die ouers gesê het nie.

Kan jy onthou dat die kinders gesê het as die ouers nie slaag met die uitstaande dinge wat hulle moet regkry nie, dan gaan die boikotte voort? -- Soos ek alreeds vir die hof gesê het, ek onthou nie dat kinders daar voor gaan staan en praat het op die manier wat dit aan my gestel word nie.

Wanneer het die skole-onluste begin? Kan u onthou? -- Dat ek bewus geword het van my eie kinders, dat hulle nie meer skool toe gaan nie, dat hulle partykeer skool toe gaan en weer vroeg terugkom voor die tyd. Ek het daarvan bewus geword daar by die einde van Augustusmaand.

Het u geen kennis gedra dat daar al vroeg in Augustusmaand onluste was waar skoliere gedood is nie? -- Ek het gehoor van drie kinders wat dood is.

En wat vroeër gewond is en later gesterf het? Niks gehoor daarvan nie? -- Ek onthou nie van daardie een nie. Ek weet net van die drie kinders want daar was 'n groot begrafnis gehou vir die drie.

Het u die begrafnis bygewoon? -- Nee, ek het nie.

Is dit die groot begrafnis waar biskop Tutu die mense die mense toegespreek het? -- Ja, ek het gehoor dat hy by hierdie vergadering teenwoordig gaan wees, maar ek het nie die begrafnis bygewoon nie.

Het u kennis gedra daarvan dat daar 'n "stay-away" kampanje op 5 en 6 November 1984 was in Daveyton? -- Dat ek van die kampanje geweet het?

Ja? -- Waarvan ek geweet het was dat daar 'n wegbly-aksie was op die 5de en die 6de. Ek is een van die mense wat

weggebly het van die werk af.

Wie het daardie wegbly-aksie gereël en georganiseer in Daveyton? -- Nee, ek weet nie.

Is dit nie bekend gemaak hierdie wegbly-aksie deur pamflette wat versprei is nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

K1275 Hoekom het u weggebly van die werk af? -- Die indruk wat ek gekry het daar was dat die doel van die wegbly-aksie was die volgende redes. Dat die ouers die simpatie moet toon aan die kinders as gevolg van wat daar gebeur het. Dus was dit nodig vir die wegbly-aksie. Dit is die indruk wat ek gekry het.

Na wat verwys u as u sê as gevolg van wat daar gebeur het? -- Wat gebeur het is dat die kinders die indruk gehad het dat die meeste ouers verstaan nie hierdie klagtes waarmee die kinders nie tevrede is nie, soos dié wat ek alreeds aan die hof genoem het as die eise van die kinders.

HOF : En nou, wat wou julle dan doen met die wegbly-aksie? -- Ons het weggebly van die werk af met die doel om die simpatie te bewys teenoor die kinders, sodat hulle na dit kan sien dat ons met hulle simpatie het en ons is bereid om hulle te help soos wat ons wou gehad het dat hulle moet teruggaan skool toe.

MNR. JACOBS : So, was hierdie wegbly-aksie dan deur die ouers gereël of deur die kinders? -- Ek sal nie kan sê of dit deur die ouers of die kinders georganiseer was nie. Ek sê dit is die indruk wat ek gekry het. Dit is wat van ons verwag word. Dit is my eie opinie.

Wat was die reëling gewees, wat sou gebeur as die ouers en die mense wat werk nou wegbly op 5 en 6 November 1984?

Waar/...

Waar moes hulle ontmoet? -- Nee, daar was nie gesê waar hulle moet ontmoet nie.

Stem u saam dat daar op die 5de en 6de het hierdie wegbly-aksie ontwikkel in geweldpleging in Daveyton woongebied? -- Ek weet nie daarvan nie.

Is daar nie 'n vrou daarso in die skermutseling wat ontstaan het met die polisie noodlottig gewond nie? -- Waarvan ek gehoor het was dat 'n vroumens deur die polisie geskiet was terwyl die vroumens op die perseel was.-

Dit is nou weer 'n storie wat jy gehoor het? Is sy in die onluste gedood of is dit sommer onskuldig wat sy daar doodgeskiet is?

HOF : U vra hom nou oor stories. Nou gee hy vir u 'n storie. Kan u vir my sê dat sy storie beter is as sy storie? Hoekom mors u my tyd? Waar bring dit ons nou? Hoekom moet ek die middag hier om sit en luister na stories? Vra die getuie oor feite.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat u is nie heeltemal eerlik met die hof nie, dat vandat die onluste begin het in die skole het die ouers daaraan deelgeneem, verskeie polisie-beamptes se huise is afgebrand gedurende die tydperk Augustus tot Februarie - Augustus 1984 tot Februarie 1985? -- Ek het die hof die hele waarheid vertel van wat ek weet. Ek het tot vir u gesê van huise insluitende myne wat probeer was om aan die brand te steek dieselfde tyd as die ander twee wat ek genoem het. Ek probeer om vir u te wys hoe eerlik ek is met die waarheid wat ek praat.

En is dit so dat die aanvalle was gedoen op huise van die polisie? -- Ja, ek het daarvan gehoor dat van die huise ook gebrand het.

Dat raadslede se eiendomme ook aangeval en beskadig is en ook die raad? -- Ek sal nie weet nie. Ek kan ook nie sê dat dit nie die waarheid is nie.

HOF : Hoe groot is Daveyton? -- In daardie tyd skat ek as ek reg is, was dit gesê dat daar vyf-en-twintig duisend huise daar was. Dit is in 1984. Daar is nou ander gedeeltes wat nou gebou is na 1984. Boyaville, Swaziwyk, Holfontein en Twatwa. Op die huidige oomblik is dit ver meer as dit.

MNR. JACOBS : Is dit korrek dat daar is ook skole beskadig in die onluste? -- Ek weet net van een skool waarvan ek gehoor het dat dit gebrand het.

En ek stel dit aan u dat die agitasie was algemeen daar dat daar teen raadslede opgetree moet word as hulle nie wil bedank nie nadat daar geëis is dat hulle moet bedank? -- Ek ontken dit, behalwe om vir die hof te sê dat daar wel sekere dinge was waaroor die gemeenskap van Daveyton nie mee tevrede was nie en dit wat die kinders ook geraak het byvoorbeeld soos ek dit genoem het.

En ek stel dit aan u dat daar hoofsaaklik georganiseer was deur ERAPO en COSAS teen die staatsgesag en die staats-instellings in Daveyton en dit is waarom daar onluste was? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie.

Het daar raadslede bedank in Daveyton? -- Nee, ek onthou nie dat ek gehoor het dat een bedank het nie.

Betaal hulle huur in Daveyton nog? -- Ja, ek betaal huur.

Betaal u nog gereeld vanaf 1984? -- Ek betaal gereeld. Dit is miskien as ek nie geld het vir daardie maand nie, dat ek nie betyds betaal nie, maar ek betaal nog.

Is dit steeds nog net dieselfde huur as wat daar was gedurende 1984 voor daardie verhoging? -- Nee, dit het

ook/...

ook al ʼn bietjie vermeerder.

Is dit die huur wat vermeerder het of die elektrisiteit en water wat vermeerder het? -- Ja, ek is nou nie meer seker nie, maar ek kan vir die hof sê dat die meeste van dit waarvoor ʼn mens moet betaal is alles verhoog.

HOF : Ja, dit is ʼn feit van die lewe ongelukkig. -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Dan is daar net een aspek wat ek kortliks wil behandel. U het vir die hof gesê u stem saam met die beleid van UDF?

HOF : Die getuie het vir u gesê al wat hy van die UDF se beleid weet het hy in die koerant gelees en hy het ook vir u gesê presies wat hy gelees het van die beleid van die UDF. Wat wil u hom nog oor vra? Waarom het u hom die vorige vraag gevra oor die onlangse verhoging in huur? Hoe is dit relevant?

MNR. JACOBS : Soos dit u behaag.

RE-EXAMINATION BY MR YACOOB : No questions.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Star Motswege, kan u hom goed onthou? -- Ja, ek ken hom.

Hoe oud is hy of hoe oud was hy destyds? Was hy ʼn jong man, was hy ʼn ou man? -- In daardie tyd skat ek hom daar tussen 25 en 26, want as ek nou moet skat terwyl ek hier staan dink ek hy is amper daar by 30. Die enigste verskil is, hy is ʼn bietjie frisser gebou as ek.

Was hy destyds nog ʼn skolier? Het hy met die skool te doen gehad? -- Ek sal nie met sekerheid kan sê nie, maar volgens my het dit gelyk of hy nie meer op skool was nie.

Weet u of hy kinders het? -- Nee, dit weet ek nie.

GEEN VERDERE VRAE.

MR TIP/...

MR TIP : The witness, Mr Dangor is available, but I see that it is two minutes before. I wonder if I might take the opportunity just to annotate a few corrections in the record of his evidence that I happened to notice whilst glancing through it. Volume 372. It is just three points that might ease the reading. I might say, I have not had the opportunity to discuss it with my learned friends, but I am sure they will accept them. The first one is page 21 484 in line 13. Your lordship will see there the phrase "the earth of kids show", that is in fact "Earth of Kitt". Then 21 492 line 24 the phrase is "Did the national of liberal movement." That should be "did the notion" and finally on 21 514 in line 3 there is the phrase "It will bring about a new reparable rift" and that should be "bring about "an irreparable rift".

COURT ADJOURNS TILL 29 MARCH 1988.

